Geloofsgroei 2020: Ontmoetings met die lewende God #4 – 1 April

1. <u>Wat kan ons seker weet van God?</u>

Hosea 11:8 > Maar hoe kan ek jou prysgee, Efraim? Hoe kan ek jou laat vaar, Israel? Hoe kan ek jou vernietig ...? Ek kan dit nie oor my hart kry nie. My liefde brand te sterk.

Wie en Hoe is God? Wat is Sy Naam?

Die Hele Bybel is geskryf om ons van God te vertel. Agter elke verhaal sien ons God se hand en help dit ons om te verstaan wie God werklik is.

Kom ons kyk weer na Paulus se begeerte om Christus te leer ken – Fil 3:8-10 – om Hom werklik te ken IS die lewe.

Perspektiewe uit die Woord:

- In die roepingsverhaal van Moses speel die vraag na Wie God is, 'n groot rol. In Eks 3:13 stel Moses die vraag direk aan die Here. Moses en die Israeliete het geleef in 'n wêreld wat baie gode geken het. Elke volk en groep het hulle eie god of gode gehad. Dit is die agtergrond van Moses se "Wie is U" vraag. Hy wil weet met presies watter god hy te doen het. En in die gedeelte sê God dan drie dinge oor Homself.
    - Hy is die God van Abraham, Isak en Jakob. Hy het dus nie met 'n vreemde God te doen nie maar die God van sy voorsate. Dit herinner hom ook aan die wonderlike manier waarop God gesorg het, gelei het en bewaar het. Hy het Hom dus al getrou betoon – Hy leef werkliksoos duidelik uit die geskiedenis.
    - Die Here maak Hom ook bekend as 'n God wat beweeg kan word en wat omgee [Eks 2:23-25] Hy is 'n God wat deur mense se nood geraak word en hulle lyding ter harte neem.
    - As God vir Moses antwoord is die antwoord nie so duidelik nie. Ons beste raaiskoot is dat "Ek is wat Ek is" , verstaan kan word as :"Ek is die God wat altyd daar sal

wees vir julle." Die klem is op God se trou en betroubaarheid.
    - Daar is ook nog 'n belofte in Eks 3:14. God is ook teenwoordig by ons.

- Ons begrip van God

Ons begrip van God is gewoonlik ontoereikend en verdraaid omdat ons op so baie plekke van kleins af van God leer. Mense se gesukkel om te glo hang nou saam met 'n verkeerde verstaan van die God van die Bybel. Onverwerkte of negatiewe ervarings van God het ook 'n groot invloed.

Dink oor die woorde: Die VREES van die Here...

Die term is destyds aanvanklik bedoel as 'n soort tegniese term om gewone mense se verhouding met God die Almagtige te beskryf. Omdat mense se eerste reaksie teenoor God en Sy teenwoordigheid gewoonlik vrees en skrik is, was dit 'n goeie beskrywing en dit het gevestig geraak as 'n manier van praat oor wie God is. Israel het egter met verloop van tyd agter gekom dat 'n mens nie vir God bang hoef te wees nie. Sy liefde is altyd sterker as sy woede. God moenie in die eerste plek gevrees word nie – ons moet Hom liefhê en vertrou met ons lewens. In Israel se geskiedenis het hierdie uitdrukking dus nuwe betekenis gekry... Dit beteken nie meer om bang te wees vir God nie – eerder vertrou, liefhê en bewonder.

Eksodus 3 praat van God as die lewende God wat omgee en altyd teenwoordig en getrou is. ERVAAR jy God so?

HY is die lewende God

- In die res van Eksodus sien ons God se almag. Dit is ook hoe die Rigters Hom ervaar.

- Wanneer God vir Jesaja roep raak hy bewus van God se magtige teenwoordigheid. [Jes 6:3]
- Dit word duidelik dat die andersheid van Israel se God daarin lê dat Hy regtig leef en dinge kan doen.
- In die Nuwe Testament sien ons dit helder in Jesus se optrede. Sy wonderwerke en Sy opstanding uit die dood.
- God se krag is nie brekende mag wat alles met krag of geweld probeer verrig nie. God oefen Sy krag teer en liefdevol uit.
- Ons weet dit uit die Bybel – Uit God wat Homself keer op keer blootstel. Hy waag dit keer op keer met ons en kry selfs seer. Hy sterf selfs aan die kruis.

God is die God wat omgee – Heilige Liefde

- Klaagliedere 3:22-23 > Deur die liefde van die Here het ons nie vergaan nie; daar is geen einde aan Sy ontferming nie, dit is elke môre nuut. U trou is groot.
- Alles wat gebeur in Eksodus 3 gebeur omdat God hom nie van sy mense se lot kan losmaak nie.
- Die Here is en bly betrokke en kan nie maar net sit en toekyk en niks doen nie.
- God het ‘n hart, kan voel, seerkry en saam met ons ly.
- Dink aan die verhaal van Hosea. OP verskeie plekke in die verhaal voel ons iets van die Here se pyn aan.
- Dan verklaar Hy in 2:13-18 dat Hy haar weer die hof sal maak. Ten spyte van seerkry en verwerping hou God nie op om lief te hê nie.
- In Hosea 11 vind God Hy kan nie vir Israel los nie – Sy liefde brand TE sterk.
- In die Nuwe Testament word God se liefde bevestig in Jesus.
- In alles is dit duidelik dat die Here ons liefhet met ‘n groot en genadige liefde wat enigiets vir ons sal doen.
- God se liefde is egter ‘n HEILIGE LIEFDE.
- Ons moenie dink ons kan daarmee mors nie want God se liefde is ten diepste verbind aan Sy sin vir reg en geregtigheid. God wil deur Sy genadige en geduldige liefde sy geregtigheid laat seëvier.

God is die altyd teenwoordige, getroue God. Die God wat altyd daar sal wees vir ons.

Twee Ou Testament tekste stel God se trou treffend voor.

Psalm 23:4 – die sinspeling op probleme is heel subtiel en tentatief – selfs al gaan ek deur donker dieptes ... die digter sê dat hy nie in sulke situasies benoud word nie want hy weet die Here is by hom.

Jesaja 43 – Hier word nood vergelyk met water wat verswelg en vuur wat verteer. Geloof laat nie dat ons sulke situasies vryspring nie – Geloof bied ons wel 'n uitsig op iets anders. Omdat die Here by ons is, daar sal wees vir ons, kan ons weet die water dal ons nie wegspoel nie. Die Here se teenwoordigheid by ons, sy troue bewaring, sal altyd daar wees.

In die Nuwe Testament

Na Jesus se hemelvaart is Hy nie meer sigbaar, fisies teenwoordig nie. In Mat 28:18-20 beloof Jesus hulle uitdruklik dat Hy tot aan die einde van die tyd elke tree van die pad by hulle sal bly.

Dit word dalk die heel mooiste uitgespel in Romeine 8:31-39. God staan so vas by Sy troue liefde dat hy enigiets sal doen om dit te wys. Die kruis en die opstanding is tekens daarvan. As dit nodig is verander God selfs sy planne om Sy trou aan ons te bewys.

GOD is die een wat altyd meer is as wat ons besef.

God is oneindig meer as al ons pogings op Hom te beskryf of te verduidelik. Daarom is dit belangrik om te onthou.

- As ons wil weet wie en hoe God is, moet ons eerstens weer die Bybel gaan lees. Die Here het gekies om Hom aan ons te openbaar deur die verhaal van sy betrokkenheid by Israel en deur die verhaal van Christus en die kerk.
- Die Bybel is nie net die bron van ons kennis van God nie maar ook die grens vir hierdie kennis. Keer op keer in die geskiedenis het die kerk al agter gekom dat dit beter is om by die Bybelse getuienis oor God te bly. Dink bv aan ons belydenis oor God wat drie-enig is. Ons bely dat ons in die

drie-enige God glo nie omdat die begrip so mooi verduidelik wie God is nie, maar omdat dit is hoe die Bybel oor Hom praat.

- Kom ons vra die Here die besef dat Hy meer is as al ons definisies en ook vir ‘n innige begeerte om Hom steeds beter te leer ken.

Kennis van God bring sekerheid en oortuiging

Mense se lewens verander dramaties as hulle die lewende God leer ken. Hoekom is hierdie kennis van God se lewensveranderend?

- Kennis van God skyn ‘n lig oor ons lewe wat ons help om alle ander dinge duideliker te sien. Dit verdiep en verbreed en verskerp ons verstaan van alle ander dinge.
- Kennis van God bring ook ‘n diep sekerheid en oortuiging in ons lewens in. Om God te ken maak mense moedig en dapper. Dit bring ‘n vreemde vrede en rustigheid wat ten diepste ressoneer met mense se behoefte om te weet waar hulle met God staan.